25 September 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord- en Suid-Amerika

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Afrika-fokus: Zambië
- VSA-oestoestande
- VSA-oesvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings

Nuus
Nasionale en Internasionale nuus

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Minimum/Maksimum opsie-strategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droë toestande word vir volgende twee weke vir die hele land voorspel. ‘n Koue front en moontlik ook verspreide buie word hierdie naweek in die suide van die land verwag.

Weervooruitsig: Noord-Amerika

Noord-Amerika kan in die volgende tien dae droë weer verwag. Die droë toestande sal die graanoes versnel, maar hou ook ‘n negatiewe impak in vir graan wat nog nie in die volwasse stadium is nie.



INTERNASIONALE

WEER

Weervooruitsig: Suid-Amerika

Goeie reënval in die suide van Brasilië sal die aanplanting van mielies stimuleer. Die stelsel wat na die sentrale dele van die land oorbeweeg, sal ook sojaboonaanplanting aanmoedig.



RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	NOV'20	DES'20	MAR'21	JUL'21
PMB-invoerpariteit	R3 865	R3 882	R3 909	R3 849
Kaap-invoerpariteit	R3 557	R3 592	R3 639	R3 556
SAFEX geelmielies	R3 350	R3 350	R3 304	R2 936
Uitvoerpariteit	R3 059	R3 068	R2 985	R2 916

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Zambië

Mielies:

- Pryse beweeg sywaarts, maar daar word gemerk dat produsente voorraad begin terughou op berigte van hoër pryse in die mark.
- Informele uitvoere vloei na Malawi, Zimbabwe, Tanzanië, Botswana en Namibië. Die regering pas nie streng kontrole op informele uitvoere toe nie.
- Die regering se eerste oesskatting is ‘n beraamde 3,38 miljoen ton.
- Nasionale jaarlikse verbruik word beraam op 2,1 miljoen ton, wat beteken dat die land ‘n groot surplus sal hê om te kan uitvoer.

Bron:
Commodity Insight Africa
– Jacques Pienaar

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA: oestoestande soos op 18 September 2020

	Mielies:	Sojabone:
	Uitstekend = 14 %	Uitstekend = 12%
	Goed = 47%	Goed = 51%
	Gemiddeld = 25%	Gemiddeld = 27%
	Swak = 9%	Swak = 7%
	Baie swak = 5%	Baie swak = 3%

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA-oesvordering soos op 18 September 2020





PLAASLIKE

LANDBOU

2020/21-seisoen

Witmielies

- Uitvoer = 346 297 t
- Vorige week = = 13 820 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 1 075 665 t
- Vorige week = 96 730 t
- Invoer = 0 t
- Vorige week = 0 t

Bestemming vir meeste uitvoere:

WM uitvoere:
Zimbabwe = 34%

YM uitvoere:
Taiwan = 39%

PLAASLIKE
LANDBOU

Kumulatiewe oliesade-produsentelewerings soos op 18 September

Sojabone:
Lewerings in vorige week
= 1 413 t

Sojaboontotaal
=
1 199 141 t

Sonneblom totaal
=
778 875 t

Persentasie van oes gelewer
=
95%

Persentasie van oes gelewer
=
99%

Sonneblomme:
Lewerings in vorige week
= 0.473 t

PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe mielie-produsentelewerings soos op 18 September

Gradering

WM1
- Totaal = 6 392 843 t
- Vorige week = 28 963 t

WM2
- Totaal = 917 383 t
- Vorige week =9 435 t

WM3
- Totaal = 268 892 t
- Vorige week = 7 983 t

Witmielie-totaal = 7 641 760 t	Geelmielie-totaal = 5 777 877 t
Persentasie van oes gelewer =85%	Persentasie van oes gelewer =88%

Gradering

YM1
- Totaal = 5 463 581 t
- Vorige week = 13 497 t

YM2
- Totaal = 253 180 t
- Vorige week =630 t

YM3
- Totaal = 25 378 t
- Vorige week = 119 t

WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het hierdie week baie swak teenoor die Amerikaanse dollar vertoon. Op Maandag 21 September het die rand nog teen R16,16 verhandel, maar het teen die tyd van publikasie van die nuusbrief reeds die vlak van R17,07 bereik.

Die verswakking kan toegeskryf word aan die tweede golf van die Covid-19 pandemie wat Europa getref het. Beleggers is baie versigtig om hulle geld in ontluikende markte te investeer aangesien die wêreldekonomie steeds sukkel om te herstel as gevolg van die effek van die pandemie.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Reënval en aanplantings-vordering in Argentinië

Argentinië het verlede week ‘n droë week beleef, en die noordelike streke word tans die swaarste getref deur die droogte. Verspreide buie word egter vir dié week in die sentrale dele voorspel met ‘n beter kans vir reënval in die volgende 6 tot 10 dae.

Sojaboonaanplantings het nog nie begin nie, maar dis normaal is vir die tyd van die jaar aangesien mielie- en sonneblomaanplantings gewoonlik eerste plaasvind. Mielie-aanplantings staan tans op 6,5% voltooid.

Sowel die USDA as die Buenos Aires Grain Exchange het hulle mielie-aanplantings vir die nuwe seisoen met 100 000 hektaar verlaag tot 6,2 miljoen hektaar.

Lees meer by :
http://www.soybeansandcorn.com/news/Sep22_20-Argentina-Weather-and-Spring-Planting-Progress

Mening:

Droë weer in die land vertraag die aanplantingstempo en sal produsente onder druk plaas om beplande hektare te voltooi.

Groot planne vir die hoenderbedryf

Pres. Ramaphosa het in sy beleggingstoespraak van November 2019 aangedui dat groei in die hoenderbedryf gestabiliseer moet word.
Ongeveer R1,7 biljoen se beleggings is vir die bedryf opsygesit, waarvan R1 biljoen reeds geaktiveer is. Die meesterplan is om die bedryf uit te brei sodat weeklikse produksiegroei van 8,7% teen 2022 bereik kan word.
Een van die belangrikste pilare om die groei te kan handhaaf is die internasionale handel met hoenders.
Volgens Mnr. Breitenbach, Algemene Bestuurder van SAPA se Braaikuikenorganisasie is Suid-Afrika se produsente in staat om aan die plaaslike vraag te voldoen.

Lees meer by:
http://www.farmingportal.co.za/index.php/all-agri-news/press-release/5084-poultry-industry-pushes-master-plan-progress-post-covid

Mening:
‘n Groei in die hoenderproduksie sal beteken dat die vraag na graan vir voer sal toeneem en sal dus graanpryse ondersteun..

Olieprys daal onverwags

Oliepryse op die wêreldmark het op Woensdag 23 September skerp gedaal, en die kommoditeit het teen $42 per vat verhandel weens die feit dat Amerika se voorraadvlakke na 691 000 vate gestyg het. Die onverwagte styging in voorraad kan grootliks toegeskryf word aan die dalende vraag na olie as gevolg van die tweede Covid-19 golf wat Europa getref het. Frankryk, Spanje en Indië het strenger inperkinge ingestel wat die vraag na olie sal kortwiek. Amerika se Covid-19-sterftes is nou die hoogste ter wêreld met meer as 200 000 sterftes aangemeld. Daar is kommer dat strenger maatreëls ook in die VSA sal volg om die sterfte-kurwe af te plat.

Lees meer by:
https://www.reuters.com/article/us-global-oil/oil-weakens-after-unexpected-u-s-crude-inventory-rise-idUSKCN26E0ED.

Mening:
Laer oliepryse sal heel moontlik tot laer brandstofpryse lei.

OPSOMMING

- Droë weer kan in die volgende 14 dae regoor Suid-Afrika verwag word. ‘n Koue front sal die suide van die land waarskynlik teen die naweek tref.

- Geelmielies verhandel op uitvoerpariteit vir Julie 2021, wat beteken dat die prys steeds baie potensiaal het om opwaarts te beweeg.

- Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het die week graanpryse ondersteun en verhandel swakker teenoor die Amerikaanse dollar.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Minimum/Maksimumprys:

Hoe werk dit?

'n "Put" opsie word vir die kliënt aangekoop om 'n minimumvlak vas te stel. Om die koste laag te hou, word daar terselfdertyd 'n "call" opsie verkoop, wat die maksimumprys vir die kliënt vasstel.

Indien die markprys in die toekoms die maksimumvlak ("call" opsie) bereik, ontvang die kliënt 'n kort "future" posisie wat hulle dwing om hulle produk teen dié vlak te lewer.

Indien die minimumvlak (lang "put" opsie) van die markprys bereik word, is die kliënt daarvan verseker dat hulle teen die minimumvlak kan lewer, ongeag hoe ver die mark onder die vlak daal.

Veronderstel die kliënt doen 'n min/maks prys soos op die grafiek:

Die kliënt koop 'n "put" opsie @ R2 560 (minimumvlak) teen 'n koste van R120/t. Die kliënt verkoop 'n "call" opsie @ R3 000 (maksimumvlak) teen 'n premie van R25/t. Dus kan die kliënt nou 'n minimum van R2 560/t en 'n maksimum van R3 000/t vir hul graan ontvang.

Die strategie kos die kliënt in effek R120 (put) – R25 (call) = R95/t

RANDAGRI

SAFEGUARDING FOOD PROSPERITY

Rand Agri, a bulk grain and supply chain trader, safeguards food prosperity in Southern Africa by connecting farmers and processors. Our services reach across the grain supply chain. It includes:

- Trading grain crops such as soybean, wheat, sunflower, GMO/non-GMO white and yellow maize, sorghum and sugarbeans.
- Logistics including sourcing, storage, export and delivery of grains and agricultural lime directly to customers.
- Milling, processing and selling of white and yellow maize meal, yellow maize grits, starch and super fine maize meal.
- Process and supply animal feed by-products such as hominy chop, wheat bran, molasses, as well as soybean, cotton and sunflower oilcakes.
- Price and risk management by our experienced traders.

Rand Agri - the vital connection between farm and plate

Contact us today for your grain trading and supply chain needs.
+27 (0)13 243 1166 I info@randagri.co.za I www.randagri.co.za

KONTAK ONS



RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga